

ST. KONRAD VAN PIACENZA

19 FEBRUARIE

(1290-1351)



Konrad van Piacenza was as jong getroude man versot op die jag. Op 'n dag het hy sy werkers opdrag gegee om bosse aan die brand te steek en sodoende die wild uit te jaag sodat hy hulle kon jag. Die brand het versprei en groot skade aan die buurt aangerig. 'n Arm man is van brandstigting aangekla en ter dood veroordeel. Konrad het homself aan die gereg oorgegee as die ware skuldige en die boete wat hy moes betaal het hom finansiële bankrot gemaak. Hy en sy vrou kom tot die besef dat hulle 'n ligsinnige en oppervlakkige lewe gelei het. Konrad tree in by die Franciskane en sy vrou by die Klarisse. Hy wy homself toe aan 'n lewe van gebed en boetvaardigheid en later word hy 'n kluisenaar.